# HOOFSTUK III.

## ONDERWYS ONDER DU TOIT EN STIEMENS, 1881 - 1891.

### 1. Inleiding.

Nadat die konvensie van Pretoria onderteken is op 3 Augustus 1881, het Transvaal op 8 Augustus sy onafhanklikheid teruggekry. Eenparig het die „Driemanskap" se keuse op ds. S.J. du Toit, predikant van die Paarl, geval om benoem te word as Superintendent van Onderwys vir die Z.A.R. Alhoewel hy reeds op 22 Augustus 1881 benoem is (Staats courant, 22 Augustus 1881), kon hy eers op 13 Maart 1882 diens aanvaar[1].

Onderwyssake was gedurende daardie jare in 'n wanorde. Volgens die verslae van die Superintendent van Onderwys was die meubels in die Klerksdorpse skole primitief; in die klaskamer het die skryfbord en tydtafel merendeels ontbreek; die onderwys self was primêr van aard. Heelwat aandag is egter bestee aan godsdiensonderrig; die sing van Psalms en Gesange asook aan rekene en skryf[2].

Ds. S.J. du Toit het die onderwys met ywer aangepak, en as gevolg van sy besondere bekwaamhede was daar spoedig 'n algemene herlewing op onderwysgebied, sodat daar 'n periode van bloei en welvaart in die onderwysgeskiedenis van Transvaal aangebreek het.

Die onderwysbeginsels van ds. Du Toit is beliggaam in die Onderwyswet No. 1 van 1882[3] (Staats courant, 18 Mei 1882). Dit het bepaal dat die onderwys die taak van die ouers is. Die staat sou hom slegs beperk tot geldelike steun, wat weer bepaal sou word volgens die aantal leerlinge en die graad van onderwys. Privaatskole met staatsubsidie het die reël geword. Die oprig-

/ting ........

---

1. Coetzee: Die geskiedenis van die onderwys in Potchefstroom, 188.
2. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1883, 13-14; 1885, 8-9.
   Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 23-24.
3. Dit het ook as grondslag gedien vir Wet No. 8 van 1892.

ting van skole is oorgelaat aan „partikuliere inisiatief"[1].

Die Du Toit-onderwyswet het by die volksaard en -tradisies gepas. Dit was „'n stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike, Bybelse en nasionale grondslag met Hollands as voertaal, 'n stelsel wat die belangstelling en steun van die Transvaalse Boerebevolking dadelik ontvang het, omdat dit rekening gehou het met hul gees en rigting en met hul behoeftes"[2].

Die regulasies wat in Wet No. 1 van 1882 neergelê is vir die afneem van eksamens, is in 1886 gewysig, toe 'n Raad van Eksaminatore, bestaande uit vyf lede, in die lewe geroep is om die eksamens van leerlinge, onderwysers en gevorderde leerlinge van middelbare skole af te neem[3]. Hierop het Klerksdorpse skole ook gereageer: C.A. Celliers, hoof op Klerksdorp, het vroeg in Januarie 1891 'n skrywe aan die Superintendent gerig waarin hy hom versoek het om „zoo spoedig mogelijk alle nodige informatie te zenden omtrent Publieke Ezamens in deze Republiek"[4].

## 2. Die invloed van die ontdekking van goud op die onderwys en die bedanking van S.J. du Toit.

Na die ontdekking van goud in die onmiddellike omgewing van Klerksdorp in 1887[5] het 'n ontsaglike aantal vreemdelinge, hoofsaaklik van Britse afkoms, hulle hierheen gehaas. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die getal inskrywings van die „Oudorp"-skool verhoog het, dat die „Nuwedorpskool", asook die private Engelse skole gestig is.

Die onderwys in Transvaal het as 'n geheel begin skade ly as gevolg daarvan dat die Superintendent sy bekwaamhede in ander rigtings begin stuur het. Die Superintendent het self deelgeneem aan die goudbedrywighede, met die gevolg dat sy administratiewe en inspeksiewerk nie na behore gedoen kon word nie[6].

/Ds. ............

1. Het Zoeklicht, Nov. 1924, 338.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 51.
3. Ibid., 52.
4. O.D. 8/3: Brief No. 1891, 19.1.1891.
5. Staats courant, Z.A.R., 27 Julie 1887, 355.
6. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 148-149.

Ds. S.J. du Toit het sy bedanking as Superintendent van Onderwys op 14 Januarie 1888 ingedien. H. Stiemens, die Sekretaris van Onderwys, het Du Toit opgevolg in waarnemende hoedanigheid.

Nieteenstaande die feit dat president Kruger vir Du Toit wou oorreed om sy bedanking te heroorweeg, het hy in 1891 finaal bedank.

Onder Stiemens het die skole, alhoewel onder 'n onvaste bestuur, tog vooruitgegaan. Geen veranderinge in die onderwys is aangebring tydens die ampstermyn van Stiemens nie[1].

3. Politieke agtergrond.

Om 'n beter insig te hê in die onderwysaangeleenthede gedurende die bestaan van die Z.A.R. is dit nodig om te let op die algemene politieke agtergrond, veral na die ontdekking van goud. Die verskillende politieke denkwyses het hulle terdeë op die onderwys van Klerksdorp laat geld.

'n Groep wat baie liberaal gesind was, veral t.o.v. godsdiens en taal, was die pro-Hollandse seksie wat nie noodwendig anti-Engels gesind was nie. Die tweede groep was die uiterste pro-Hollandse burgers, met president Kruger en ds. Du Toit as twee verteenwoordigende persoonlikhede, wat beslis anti-Engels gesind was en streng godsdienstig („Doppers") was. Derdens was daar die groep wat wel streng godsdienstig dog anti-„Dopper" en pro-Hollands gesind was. Die derde groep was in 'n sekere mate ook pro-Engels gesind[2]. 'n Vierde streng pro-Engelse en anti-Hollandse groep het na die ontdekking van goud sterk na vore getree[3]. Hulle het eie Engelsmediumskole gestig, soos later sal blyk.

/ 4. .........

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 56 - 58.
2. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900) in Argief-jaarboek, 1952, 1, 242.
   Ds. J.W.G. Strasheim en sy volgelinge het Engels op skole bepleit en te velde getrek teen die Nederlanderonderwysers.
3. Malherbe: Education in South-Africa, 259-260.

## 4. Plaaslike beheer in die onderwys.

Volgens Wet No. 1 van 1882 was dit die taak van die ouers om te sorg vir die onderwys. Die staat sou sy bemoeiinge beperk tot die aanmoediging van partikuliere inisiatief deur geldelike hulp aan skole te verleen en tot toesig oor die onderwys in soverre dat die owerheid daarvan oortuig is dat die toekomstige burgers die vereiste Christelike opvoeding ontvang[1].

Elke afsonderlike staatsondersteunde skool het onder die toesig van 'n skoolkommissie gestaan, wat sy eie huishoudelike bepalinge kon opstel[2]. Die skoolkommissie was verantwoordelik vir die besoldiging van die leerkragte[3]; die toesig oor skole (inspeksies is in die reël elke maand gedoen, 'n reg wat die skoolkommissies eintlik vir hulleself toegeëien het)[4]; die voorsiening van geboue en toebehore[5].

Daar word nêrens melding gemaak van die tydperk van die ampstermyn van skoolkommissielede nie. Dit blyk dat dit in die meeste gevalle afgehang het van die duur van die bestaan van 'n skool.

By die samestelling van 'n skoolkommissie was daar 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en 'n sekretaris-tesourier of 'n tesourier en 'n sekretaris.

In Julie 1882 was die skoolkommissie van die Klerksdorp-skool (in die huidige „Oudorp") soos volg: N.A. van Herwaarde (voorsitter), W.J. Kriel (tesourier), J.J. Roos, J.C. Fourie en L.J. le Grange. Die skoolkommissie het maandeliks vergader. Drie lede was 'n kworum[6].

Bogenoemde skoolkommissie het, wat toegewese ampte betref, slegs oor 'n voorsitter en tesourier beskik; dog op 3

/Augustus .....

---

1. Wet No. 1 van 1882, art. 1.
2. Ibid., art. 8.
3. Ibid., art. 12.
4. O.D. 2/1: Brief No. 201(w).
   O.D. 14/2: Brief No. 248.
5. Wet No. 1 van 1882, art. 9.
6. O.D. 2/1: Brief No. 201(w), 1.7.1882.

Augustus is op Hartebeestfontein 'n skoolkommissie gekies met vier „amptenaren". Die lede van die kommissie was: ds. A.M. de Villiers (voorsitter), C. Jooste (visevoorsitter), P.G.H. Felstead (tesourier), C.D. Wentzel (sekretaris), J.A. Badenhorst en D.J. Pretorius [1].

5. Subsidie.

Deur die toekenning van subsidies aan privaatskole, volgens Wet No. 1 van 1882, art. 2, wou die regering die onderwys toeganklik maak vir alle burgers, insluitende die yl verspreide plattelandse bevolking. In beginsel was dit reeds die „skool-na-die-kind"-gedagte.

Die regering sou dan, waar die onderwys voldoen aan die wetsvereistes, 'n toelae betaal van £3 en £5 respektiewelik vir leerlinge wat laer en middelbare onderwys ontvang [2]. Die wet het ook voorsiening gemaak vir onvermoënde ouers wat nie die skoolgelde kon bybring nie. „Voor elke waarlijk behoeftigen leerling, die in eenigen ondersteunde school gratis onderwezen wordt, kent de Regering aan de respectieve Schoolcommissie een speciale subsidie toe van £3 tot £5 per jaar, naarmate lager- of middelbaar onderwijs genoten wordt" [3].

Dit blyk baie duidelik uit die wisselbestaan van die ondersteunde privaatskole dat die subsidie onvoldoende was. As gevolg van die landsomstandighede en staatsverwikkelinge kon gereelde subsidies ter ondersteuning van die skole ook nie plaasvind nie [4].

As gevolg van geldelike moeilikhede moes die Rietkuilskool in Augustus 1890 gesluit word [5]. In sy skrywe op 22 Junie 1891 het J.H. Blignaut die waarnemende Superintendent, Stiemens, versoek dat sy verslag so spoedig moontlik nagegaan moet word ten

/einde ...

1. O.D. 9/3: Brief No. 1619, 6.8.1891.
2. Wet No. 1 van 1882, art. 6.
3. Ibid., art. 16.
4. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1886, Bylae A, 9.
5. Ibid., 1890, 15.

einde die subsidie sonder versuim aan te stuur daar hulle „de gelde dringend van noode hebben"[1].

## 6. Leerboeke, leermiddels, lesroosters en onderwysers.

Gedurende die tagtiger jare was die leerboeke skaars, en die wat wel beskikbaar was, was van Hollandse en Engelse herkoms. Die Superintendent het gevoel dat daar in Transvaal 'n eie stel skoolboeke nodig was en het derhalwe in 1884 by die Volksraad aanbeveel om 'n honorarium aan moontlike skrywers te betaal[2]. In die Klerksdorpse gebied was daar nie veel meer gebruik nie as: Het volksleesboek, Royal readers, Step by step[3], Trap der jeugd, Kategismus en Bybel[4]; H. Bouman se leesboeke[5] vir lese; Changuion se Elements of translation en Mulders se Nederlandse spraakkuns vir taalwerk[6]; Barnard Smith's Arithmetic en Uw en mijn cijferboekje vir rekene[7] asook F. Lion Cachet se „Worstelstrijd der Transvalers" (geskiedenis); atlasse en aardrykskundeboekies en R.R. Rydens se Opvoedkunde[8].

Daar was oor die algemeen 'n gebrek aan leermiddels. Skriftelike werk is hoofsaaklik op leie gedoen, dog die hoër klasse het gebruik gemaak van skryfboeke (pen en ink)[9]. Selfs die lesrooster het in skole ontbreek, sodat daar geen behoorlike tydsindeling vir die verskillende leervakke was nie[10].

'n Groot remmende faktor in die onderwys was die gebrek aan opgeleide onderwysers. In sy inspeksierapport van 1883 oor die skool te Klerksdorp het die Superintendent laat blyk dat die onderrig in die skool veel te wense oorgelaat het.

/Daar ......

1. O.D. 9/2: Brief No. 1322, 22.6.1891.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 53.
3. O.D. 7/1: Brief No. 766, ongedateerd.
4. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
5. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1890, 14.
6. O.D. 10/1: Brief No. 2077, 19.9.1891.
7. O.D. 7/1: Brief No. 766, ongedateerd.
8. O.D. 10/1: Brief No. 2077, 19.9.1891.
9. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1883, 14.
10. Ibid., 1885, 8.

Daar was wel 'n skryfbord dog geen lesrooster in die skool nie. Oor die algemeen was die lese in die skool bevredigend, dog die rekene was gebrekkig. Die skriftelike werk was swak, omdat die voorskrifte van die onderwyser wat betref die skrif self en die taalgebruik swak was[1]. In 1885 het die Superintendent verklaar dat indien die onbevredigende toestand in die skool nie verbeter nie, die subsidie geweier sou word. Die onderrig van sang was gebrekkig en onbevredigend; daar was 'n gebrek aan netheid, duidelikheid en sierlikheid in die skriftelike werk; die lese (uit die Bybel) was swak, en die leerlinge het geen begrip van leestekens gehad nie; die spelling en rekene was swak[2].

Die werklike onvermoë van sommige van die onderwysers in korrekte taalgebruik word mooi weerspieël in die volgende brief[3]:

„Aan den Hoog Eer Waarde Heer
S.J. die toit sepperentendent
v onderwijs
pretoria

Hoog Erwaarde Heer
ontvangs van u brief met en ge slooten vormenmen Heb ik de eer te er ken nen en door de vol gende kwartaal een Aan vangs neem op 1ste Janneary 83 So Be loof ik myne verslag op te senden voor de 25ste en den vekan sidagen Heb een aan vangs ge noomen op den 18 ' deesember 82 Volgens Be sluit der comise ik heb de eer te sijn u

Hoog eer waar de
Diens willig dien naar

L E Dreyer onderwijzer

Klerksdorp den 20ste deetsember 1882".

7. Taalkwessie.

Onderwys moes, volgens Wet No. 1 van 1882, gegee word in die Hollandse taal[4]. S.J. du Toit het in sy jaarverslag van 1885 teruggekom op die Raadsbesluit van 1884 en beklemtoon „dat het onderwijs gegeven worde door middel der Nederduitsche taal in alle leervakken". Voorts het die Superintendent die aandag

/van .........

1. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1883, 14.
2. Ibid., 1885, Bijlage 1, 8-9.
3. O.D. 2/1: Brief No. 188, 20.12.1882.
4. Art. 7.

van alle skoolbesture en onderwysers daarop gevestig om „niet te vroegtijdig met het Engelsch onderwijs te beginnen, alsmede het Engelsch onderwijs niet onregtmatigen invloed te laten uitoefenen op de klasverdeeling en organisatie der school"[1].

Gedurende die vroeë tagtiger jare was daar al verskeie Engelse in die gebied, wat hulle merendeels op die handel toegelê het[2]. In sy referaat tydens die eerste Onderwyskonferensie in Transvaal (4, 5 en 6 April 1882) het Geo. M. Hofmeyr gewys op die belangrikheid van Engels, selfs in die mees afgeleë distrikskool. Volgens sy mening was dit die handelstaal van die vernaamste dorpe[3].

Die Engelse element is na die ontdekking van goud op die Klerksdorpse goudvelde versterk toe talle vreemdelinge, hoofsaaklik van Engelse afkoms, ingestroom het. Dit kan as vanselfsprekend aanvaar word dat hulle sterk sou aandring op Engels as medium van onderwys vir hulle kinders.

Die vroegste skole wat opgerig is in die nuwe aanleg van Klerksdorp na die ontdekking van goud, was dan ook Engelse skole[4]. Die ouers wat van die Engelse skole gebruik gemaak het, moes self daarvoor betaal, aangesien die owerheid aan sodanige inrigtings geen staatshulp verleen het nie[5].

Die Engelse element was nie net tot Klerksdorp self beperk nie. Deur die toedoen van meester Danie Rossouw en die skoolkommissie het die skool op Hartebeestfontein as 't ware ontaard in 'n „Engelsmediumskool", en dit na die slag van Majuba! By skrif-, rekene- en sangonderrig is beide tale gebruik. Daar is gepraat van "grammar, multiplication and division,

/geography ...........

---

1. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1885, 6.
2. Guest: Voortrekkerdorp, 57.
   History of Klerksdorp and district in Die landdros se Distriks-rekordboek, 3.
3. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 1836-1900, 188.
4. Guest: a.w., 113.
5. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), in Argief-jaarboek, 1952, 1, 16.

geography" (met klem op die "British Isles"), en "banky songs". Van die sg. "mark" of "donkey" is destyds gebruik gemaak om die Hollanderkinders Engels te leer praat. Wanneer kinders Hollands gepraat het, is 'n karton, waarop "mark" of "donkey" in groot letters geskryf was, om die nek gehang, en straf het gevolg [1].

3. Individuele skole: groei en wisselende bestaan.

a. Staatsondersteunde skole.

(1) Oudorp, Klerksdorp.

Die „Oudorp"-skool, wat alreeds 'n geruime tyd lank bestaan het voor die ampsaanvaarding van ds. S.J. du Toit as Superintendent van Onderwys, het op 1 Julie 1882 37 leerlinge gehad (13 in die 1ste klas, 8 in die 2de klas, 7 in die 3de klas en 9 mingevorderd) met L.E. Dreyer as onderwyser [2].

Die onderwys was elementêr van aard en het geduur van 9 vm. tot 12 vm. en dan weer van 2 nm. tot 4 nm. - dus 5 uur per dag [3]. Die gehalte van die onderwys was onbevredigend, en die oorsaak daarvan kan grotendeels aan die onbekwaamheid van die onderwyser toegeskryf word [4].

Ds. J. de Vries het op 25 Januarie 1884 die skool van Dreyer met 30 leerlinge geïnspekteer [5]. Toe die Superintendent self die skool op 28 September 1885 geïnspekteer het, was daar 33 leerlinge [6]. Die aantal leerlinge het steeds toegeneem, sodat die inskrywing op 26 Maart 1888 drie-en-veertig [7] was, en op 27 Augustus 1890 het Dreyer onderrig gegee aan vier-en-veertig leerlinge [8].

(2) „President Publieke School".

/Gedurende .....

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 24. Meegedeel deur P.M. Lombard.
2. O.D. 2/1: Brief No. 201(v), 1.7.1882.
3. O.D. 2/1: Brief No. 201(w), 1.7.1882.
4. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1885, Bijlage 1, 8-9.
5. Ibid., 1883, 13-14.
6. Ibid., 1885, Bijlage 1, 8-9.
7. Ibid., 1887, 32.
8. Ibid., 1890, 14.

Gedurende September 1888 het J.C. Dietel 'n skool in die „nuwe gedeelte" van Klerksdorp begin met ongeveer twintig leerlinge [1].

As gevolg van die ywerige bemoeiinge van Michael König is daar aan die einde van 1889 'n aanvang gemaak met die oprigting van 'n skoolgebou op grond by die huidige polisiepos [2], wat deur die Owerheid geskenk is [3]. Die nuwe skoollokaal is op 22 Januarie 1890 formeel geopen deur landdros Neethling met J.H. Blignaut as onderwyser. Op die openingsdag was daar vyf-en-twintig leerlinge by die skool ingeskryf [4]. Die onderwyser het ongerrig gegee in Hollands, Engels, skrif, rekene, algebra, meetkunde, geskiedenis, Latyn, tekene, teorie van musiek en sang. Die skoolgeld is vasgestel op vyf sjielings per kind per maand [5].

Op 27 Augustus 1890 is die skool geïnspekteer deur inspekteur C.G. de Jonge. Die hoof, bygestaan deur mej. A. König, het toe reeds onderwys gegee aan 42 leerlinge. Interessant is die feit dat die seuns en meisies geheel en al van mekaar geskei was. Oor die algemeen beskou, was die onderwys goed; dog die sang, B-mol en B-duur, was baie swak [6].

In September 1891 is J.H. Blignaut oorlede [7]: hy het in die Vaalrivier verdrink [8]. Hy is tydelik opgevolg deur Mathilda König, wat in dieselfde jaar weer vertrek het [9]. Die volgende hoof was C.A. Celliers [10].

(3) <u>Hartebeestfontein.</u>

Die kerkgebou, gebou in 1876, van die Ned. Geref. gemeente

/het .......

1. O.D. 4/4: Brief, 19.9.1888.
2. Meegedeel deur mev. P.S. Joubert en mej. E.E. Ennis.
3. Guest: Voortrekkerdorp, 113.
4. Bylae tot die Klerksdorp mining record, 25.1.1890.
5. Guest: t.a.p.
6. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1890, 14.
7. O.D. 10/1: Brief No. 2077, 19.9.1891.
8. Guest: a.w., 114.
   O.D. 10/1: Brief No. 2092, 6.10.1891.
9. O.D. 8/3: Brief No. 151, 19.1.1891.
10. Guest: t.a.p.

het vanaf 1880 diens gedoen as skool[1]. Die hoof was D.J. Rossouw, en dit het die sg. "grants-in-aid" ontvang[2].

Gedurende 1885 het die skool „blijkbaar achteruit" gegaan, „daar sommige ouders hunne kinderen uitnemen en anderen de hunne zeer ongeregeld doen komen, wegens de drukkende tijden. De onderwijzer verdient allen lof"[3].

Hartebeestfontein kon hom voorwaar gelukkig ag om op 12 Augustus 1889 'n bekwame opvolger van D. Rossouw te kry in die persoon van P. van der Merwe. Gedurende Augustus 1890 het P. van der Merwe (hoof) en mejj. A. Wilson en B. Treu onderwys gegee aan 97 leerlinge in drie uitmuntende lokale wat voorsien was van skryfborde en goeie meubels. Gedurende daardie jare was dit die bes ingerigte skool in die uitgebreide Potchefstroomse distrik en een van die weinige skole in die Z.A.R. met standerd 5-leerlinge[4].

Na 1889 het daar beslis 'n periode van bloei en welvaart gevolg. Die ".... Hartebeestfontein school is one of the best in the Republic, and the teachers Mr. van der Merwe, and the Misses Wilson and van Heerden deserve the thanks of all the parents who have the privilege of sending their children to the above school"[5].

(4) Buysfontein.

Die stigtingsdatum van die skool is onbekend, dog dit het in 1884 bestaan[6]. Daarna moet die skool gesluit het, om eers gedurende die negentiger jare te heropen[7].

(5) Rietkuil.

Die openbare skool by die Rietkuilnedersetting is in Augustus 1889 deur spesiale landdros W.H. Neethling geopen[8]. Die

/openingsplegtigheid....

1. Badenhorst: Geskiedenis van Hartebeestfontein, 40.
2. Jeppe: Book almanac and directory, 1881, 195.
3. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1890, 15.
4. Ibid.
5. Klerksdorp mining record, 24 Junie 1891.
6. O.R. 558/84.
7. O.D. 332: Register van dorp- en wykskole 1895-1899, 84.
8. Guest: Voortrekkerdorp, 113.

openingsplegtigheid was bygewoon deur ds. De Villiers van Hartebeestfontein, die skoolkommissie en die ouers. Meester Bosch was verantwoordelik vir die onderwys in 'n klaslokaal van 35' x 28' asook 'n verdere twee kleiner kamertjies [1].

In Julie 1890 moes die skool, met D.J. Rossouw as hoof, sluit as gevolg van finansiële moeilikhede [2].

(6) Mahemsvlei.

Toe inspekteur C.G. de Jonge op 26 Augustus 1890 die skool, met A. de Wet as onderwyser, besoek het, het hy die skool sonder kennisgewing geslote gevind [3].

(7) Stilfontein.

Die skool op Stilfontein, wat laat in 1890 geopen is, het ook noustrop getrek as gevolg van 'n gebrek aan finansies, en dit moes kort daarna sluit [4].

(8) Goedgevonden.

Die skool op Goedgevonden moet na die ontdekking van goud geopen het, dog dit het in min of meer 1891 tydelik gesluit. Dit het weer heropen onder die superintendentskap van dr. N. Mansvelt [5].

(b) Privaatskole.

Die privaatskole wat in Klerksdorp opgerig is na die ontdekking van goud, was eintlik die gevolg van die sterk anti-Hollandergevoel by die Engelse. Omdat daardie skole geen geldelike steun van die owerheid ontvang het nie, was hulle bestaan merendeels maar kort van duur.

Die vroegste privaatskole wat opgerig is, hoofsaaklik in die nuwe gedeelte van die dorp, was o.a. "Mrs. Beatty's School for Children", "W. Stewart Bowden's Public School" en"T.P. Waites Girls' and Boys' School".

/Ds. .........

1. The Representative, 17.8.1889.
2. Verslag van den Superintendent van Onderwijs, 1890, 15.
3. Ibid., 1890, 14.
4. O.D. 9/3: Brief No. 1684, 20.8.1891.
5. Verslag van de Schoolinspectieën, 4de kwartaal 1894, 49.

Ds. Robert Stewart het in Julie 1890 die "St. Peter's High School" geopen. Dit het onder die beskerming van die Anglikaanse kerk gestaan, en ds. Stewart het as hoof van die skool opgetree[1].

"The Klerksdorp Grammar School for Boys" is in 1891 geopen, met W. Hyde Wordingham as hoof. Die "School of the Convent of the Sacred Heart" is ook in min of meer dieselfde jaar opgerig[2].

Die medium van die privaatskole was hoofsaaklik Engels, alhoewel enkeles ook Hollands as vak onderrig het. Die populêrste vakke was, naas Engels, Rekene, Bybelse en Algemene Geskiedenis, Aardrykskunde en Skrif. Aandag is ook bestee aan Liggaamsoefening, Sang, Naaldwerk en Tekene[3].

---

1. Guest. Voortrekkerdorp, 113.
2. Ibid., 11[illegible]-114.
3. Meegedeel deur [illegible].